


# ST. MAKARIOS DIE GROTE
## 15 JANUARIE

(c. 300-390)

Gebore in Bo-Egipte gaan woon hy as kluisenaar in die Skete-woestyn waar hy valslik daarvan beskuldig is dat hy 'n vrou onteer het. Sy onskuld word op wonderbaarlike wyse bewys. Hy word priester en 'n bekende en geliefde geestelike begeleier. As gevolg van sy teenkanting teen die Ariaanse kettery word hy na 'n eiland in die Nylrivier verban. Uiteindelik keer hy terug na die woestyn waar hy vir sestig jaar in afsondering leef.